

# Vrydag 24 September

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2

Fokusgedeelte: Judas:5-7  
(1983-vertaling)

## **Ken Hom in wie se waarheid jy koninklik-kinderlik mag lewe!**

Judas is op min Nuwe Testament-bladsye aan die woord. Slegs 25 verse! Geïnspireerde Bybelskrywer en eie broer van ons Here Jesus Christus met 'n nederige, uniek-mooi en altyd waar boodskap. Die man wat in die eerste en laaste plek as “'n dienaar van Jesus Christus” bekend wou wees.

'n Enkele hoofstuk-brief, en wie let op die lofverheffing van verse 24 en 25 besef dat 'n preek met sodanige lofwoorde eindig. Die uniekheid van hierdie Bybelboek moet waardeer word as eintlik niks anders as 'n brief-preek nie!

Judas het 'n dringende boodskap vir die Joodse Christene as eerste lesers wat as geloofsgemeenskap die boodskap van dwaalleraars moes trotseer. Dwalinge en woelinge en standpunte vreemd aan die suiwer, kraggewende openbaring van die lewende Here. En daarom 'n tersaaklike boodskap vir elke dag se lewe.

Verlustig jou in die altyd-waar woorde van Judas se evangelie in vers 5, 6 en 7. Verse wat sê dat mens deur die “geskiedenis” van die lewende Here met dwaalleraars moet blaai en jou van hulle uiteinde moet vergewis:

- Die ongelowige Israeliet-mense het omgekom (Num. 14:26-39)
- Die afvallige engele is in kettings vasgevang, hulle uiteinde is die ewige oordeel (2 Pet. 2:4)
- Sodom en Gomorra se mense is verdelg (Gen. 19:1-29)

Die bemoediging van Judas aan God se kind ... Die Here maak die dwaalleraar se stem stil! Die dwaalleraar het nie die laaste woord nie. Die Here sluit hulle mond! Om in dag en tyd, om Jesus ontwil, oorwinnend te bely én te getuig:

“Soos was wat smelt voor hitte en vuur  
het almal voor Gods glans geen duur  
wat goddelooslik lewe ...” (Ps. 68).

En óók:

“Regverdiges, die seën Hy,  
dié wat getrou is maak Hy bly.  
Hul jubel in vervoering ...” (Ps. 68).

*Sing: Psalm 33-1:2*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*